ONS VADERLAND,

1 MEI 1930.

# SALISBURY KRY NUWE KERKGEBOU

*(Eie Berig.)*

SALISBURY, 28 April.— Die hoeksteen van die Ned. Geref. Kerk in Salisbury, wat volgens die tiepiese Hollandse kerkstyl gebou word, is Saterdagmiddag deur ds. J. A. Pienaar gelê voor 'n groot skare, onder wie ook mnr. J. W. Downie, Minister van Mynwese en Openbare Werke as verteenwoordiger van die Kabinet was. Mnr. Downie het die Ned. Geref. gemeente geluk gewens met hul kerkgebou, wat sal dien as gedenkteken aan die baanbrekerswerk op kerkelike gebied in Suid-Rhodesië.

Eerw. A. P. Hill van Salisbury het die gemeente ook namens die Biskop van Salisbury geluk gewens.

"Daar is 'n verskil tussen ons en uw kerk, wat ons so ver uitmekaar gehou het," het hy gesê, en 'n pluimpie in die hoed van die predikante van die Ned. Geref. Kerk gesteek deur te verwys naar hul buitengewone vriendelikheid, goedgesindheid en hoflikheid, waarmee hy nog altyd kennis gemaak het. Spr. sien uit naar die dag waarop hy nie net die legging van die hoeksteen kan bywoon nie, maar ook die Nagmaal en die bediening van die Sakramente.

Eerw. Frank Noble, van die Wesleyaanse Kerk, het die lofwoorde van die vorige sprê beaam. Eerw. James Andrews, van die Presbiteriaanse Kerk, in Salisbury, het met lof gepraat van die Hollandse taal en literatuur en hy sien uit naar die tyd wanneer daar kerk-eenheid sal wees. Met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk het eerw. Andrws gesê: "Naar my mning is u die grootste sendingmag in die hele Suidafrika en ook die grootste sendingkrag benoorde die Unie in Suid- en Noord-Rhodesië."